

HOOFSTUK IV.

SLOT.

'n Mens kies nie 'n taal nie, jy kan hom ook nie soos 'n ou kleet van jou afwerp nie, maar hy hang ten nouste saam met jou siel, met jou innerlike.

Dr. Elizabeth Conradie.

I. (a) OMVANG VAN DIE ENG. INVLOED.

In die loop van die tyd is deur verskillende sprekers en skrywers so te sê alle Eng. taaleenhede of in Afr. gebruik of in Afr. "vertaal". Dit is merkbaar veral by vroumense, en in die oppervlakkige gesels van die jonger geslag. Indirekte Eng. invloed kon hom laat geld weens die gebrekkigheid van die oorspr. Afr. woordeskat in seker rigtings: die kennismaking met die Eng. het die behoefte laat ontstaan, en toe het die Nedl. in dié behoefte voorsien. Kortom: Die Eng. invloed strek hom oor die hele Afr. taal uit.

(b) KRAG VAN DIE ENG. INVLOED.

Dié invloed is egter vlak. Wat ontlennings betref, geld dit feitlik net konkrete begrippe; wat -ismes betref, geld dit of min-gebruiklike eenhede, bv. 'n pypkanraad (dummy council; Nienaber in Gedenkboek 12), of eenhede waarvan die senupatrone (gedeeltelik) dié van Afr. eenhede dek, bv. more or less: min of meer × in meerdere of mindere mate. Min-gebruiklike -ismes word by duisendtalle in Afr. aange-tref: selfs taalkundiges besef selde tenvolle watter nimmer-eindigende, immerwisselende skat eenhede 'n taal besit; en hoewel baie van die eenhede selde gebruik word, kan hulle tog almal die ander taal beïnvloed.

Die *Ingeburgerdheid* van die eenheid is moeilik vas te stel; alleen in uitsonderlike gevalle kan die toekoms voorspel word. Wat by die een geslag ingeburgerd is, verdwyn in die volgende tydperk, bv. *spider, bokkie*. Die **klanke** kan vir ons 'n aanduiding gee: as hulle vir die Afrikaner moeilik is, sal die eenheid moeiliker ingeburgerd raak, bv. *lounge × lobby*

(altwee ewe nodig in Afr.); en as hulle suiwer Afr. word, is dit gewoonlik omdat die eenheid hom by die Afr. taalskat aangesluit het, bv. *opmiëks* × *sikspens*. Die **ouderdom en gebruiklikheid** van 'n eenheid is ook opsigself nie afdoende maatstawwe nie, want hulle is slegs uitvloeiels van die enigste fundamentele faktor: die intensiteit van die **behoefte**. Laasgenoemde kan egter, as geestelike en individuele saak, nie gemeet word nie, sodat ons tevrede moet wees om sy uitwerking by benadering te bepaal. Hoe ouer 'n woord waaraan daar behoefte bestaan, hoe vaster is hy gewoonlik in die taal gewortel; as die behoefte daaraan egter weens veranderde omstandighede verdwyn, verdwyn ook die eenheid. Onder die paar Engelse wat Changuion (1840) noem, het verskeie al verdwyn; dieselfde geld van Mansvelt (1884), en selfs van resente skrywers soos Elffers-Viljoen (1908) en Boshoff (1921); bv. *beauty* (vrou), *bail*, *bill*, *Board* (of *Trade* ens.), *branch*, *brick*, *cake*, *cartoon*, *cream*, *cloak*, *dainties*, ens. (Elffers-Viljoen); *brandy*, *budget*, *degree*, *day*, *fixed gear*, *frock-coat*, *grog*, *hackney*, *homework*, *leader*, *lecture*, *meeting*, *toy* (tooi), *opgelig* (Boshoff). Hierdie skrywers meld nie hoe gebruiklik die eenhede is nie. Party soorte taaleenhede sal noodwendig verdwyn, bv. dié i.v.m. *dames* en *modes*. Die verdwyning kan aan uiterlike veranderings te wyte wees, bv. die verdwyning van *bluebacks*, *goodförs*, *veils*, of aan innerlike veranderings, bv. beter onderwys, gróter besef van eiewaarde, beter tydskrifte. Oor 'n paar jaar sal die Afr. kind skaars nog weet wat *bills*, *stocks and shares*, *exchange* is, nes ons nog skaars weet wat 'n *Vigilance Committee*, *National Scout*, vir 'n waak gaan is. Dit gee hoop op reiniging.

Naas die ouderdom, is die gebruiklikheid van 'n eenheid 'n betreklik betroubare aanduiding van die behoefte se intensiteit: hoe intenser die behoefte, hoe meer en hoe wyer word die eenheid gebruik. By 'n belangrike begrip waar die Afr. eenheid swak of afwesig is, raak die Engelseid maklik ingeburger, bv. *grease*, *motor*, *tank*, *konsentrasiekamp*, *segregasie*; die swakheid kan te wyte wees aan die lomtheid van die Afr. (bv. *platform* een deursigtige woord naas: *perron*, *verhoog*, *balkon*, *podium*, *politieke program*, ens.), of aan die verskil in betekenis of gevoel (bv. *bar* × *kantien*;

konfyt × *jam*; *Master* × *Weesheer*; *pyjamas* × *nagklere*; *servantgirl* × *meid*). Is die begrip vir die gewone taalgebruiker minder belangrik en die Afr. swak of afwesig, dan is die Engelsheid onvas, bv. *Quakers*, *Whigs*, *tydtafel*, *op-trein*, *ek kan nie sulke swanky fancy garters afford nie*—hulle verskyn en verdwyn maklik. As die begrip belangrik is en die Afr. sterk in die volksmond lewe, word die Afr. byna nooit verdring nie, bv. *Mistake* × *fout*; daarom ook is Eng. invloed baie onwaarskynlik by bv. *Spens*, *ek is moeg*. Soms brei 'n aanvanklik in gebruik en betekenis beperkte eenheid hom uit, bv. (eers) *die oorlog deursien*—(nou) *moeilikhede deursien*.

II. GOEIE EN SLEGTE INVLOED: PURISME.

Hierdie vreemde invloede maak Afr. “onsuiwer”. Is dit voor- of nadelig? Suiwerheid as sodanig besit geen waarde nie: die onsuiverste kulture en volkere en tale is dikwels die vooraanstaandstes, die suiwerstes die agterlikstes. Buitendien, nóg wat kultuur nóg wat volk nóg wat taal betref, bestaan daar soiets soos “suiwerheid”—ons kan miskien sê dat die een minder onsuiver as die ander is. Aangesien die taal 'n uitvloeisel van die kultuur is, en die kulturele leermeesters en opvoeders (selfs in die letterkunde!) byna sonder uitsondering deur die eeue heen van buite gekom het, is dit vanselfsprekend. Hoewel onsuiverheid as sodanig dus nie afgekeur kan word nie, moet elke betrokke taaleenheid beskou word met die oog op die vraag: Is dit so 'n doeltreffend moontlike middel ter bevrediging van die werklik bestaande behoeftes? Hierdie vraag geld (a) individuele, (b) volksbehoefte; of as ons dit anders stel, (a) taalwelsyn, (b) volkswelsyn. Kortom: nie die motiewe wat tot die gebruik van die eenheid lei nie, maar die werklike uitwerking van die eenheid op die taal en die volk moet die deurslag gee; 'n -isme wat die een skertsend gebruik, kan 'n ander in erns oorneem (vgl. selfs de Vooy's II 112).

Gelukkig verwek die vraagstuk van die (a) **Taalwelsyn** nie sulke onoplosbare metafisiese probleme soos die volkswelsyn nie; ons kan ons by feite bepaal sonder om ons oor die gewone betekenislose vaaghede te bekommer soos: “Die taal is die weerspieëling van die sielelewe van die volk”,

“Dit maak mens seer”, “Vreemd aan die Afr. taaleie”, ens. Vir die individu het die taal ’n oorweënd psigiese en ’n oorweënd fisiese sy. **Die psigiese eise** is : verstaanbaarheid, noukeurigheid ; die fisiese : gemak. Die hoogste eis is **verstaanbaarheid** : ’n taaleenheid moet *onmiddellik* die gepaste beeld te voorskyn roep ; of hy dit kan doen, hang daarvan af (i) of al die taalgebruikers die bepaalde gekondisioneerde refleks : *eenheid_x—beeld_x*, besit, m.a.w. van die gebruiklikheid van die eenheid (so is “engine” Afr., en “lokomotief” on-Afr.) ; en (ii) of die eenheid deursigtig, vanselfsprekend is, selfs by iemand wat dit nie ken nie die gepaste beeld oproep, en dus beter onthou word (vgl. *pos-vry* × *franko*, *vuur-pyl* × *rocket*). Van die standpunt van verstaanbaarheid is bv. “Val toe, kêrels” (*Fall to : Val weg—begin eet*), “Hy hardloop die affêre” ondoeltreffend weens hul ongebruiklikheid ; maar dit geld eweneens bv. die Vlaming se “burgerlike vernufteling” (siviele ingenieur), of Afr. “sollisitant” (applikant) en “emalje”.

Die gewone bewering dat ’n Engelsheid mens se “taalgevoel seermaak” kan dus alleen aanvaar word as dit beteken dat die Engelsheid totnogtoe ongebruiklik en gevolglik moeilik verstaanbaar is.¹ Hierdie eis dat ’n eenheid verstaanbaar moet wees geld nie slegs anglisistiese Afr. nie, maar ook “suiwer” Diets-verfranste Afr. In S.-Afrika is die argument dat die internasionale verstaanbaarheid die gebruik van internasionale in plaas van eie eenhede vereis, soos in die wetenskap en op ekonomiese gebied (bv. openbare opskrifte by dokke), nog holler as elders ; ’n paar “internasionale” woorde in ’n Afr. sin sal die sin nie minder onverstaanbaar maak vir iemand wat geen Afr. ken nie, en openbare opskrifte verskyn altyd sowel in Eng. as in Afr. (ongeveer vier maal meer mense in die wêreld praat Eng. as Frans). Die verstaanbaarheid vereis verder **noukeurigheid** van die taalgebruiker : die eenheid moet so getrou moontlik die gedagtebeeld weerspieël. Soms is ’n vreemde eenheid die geskikste omdat ’n inheemse ontbreek (bv. *motor*, *Lord X*, *grease*), of omdat dit die gedagtebeeld met akkurate vaagheid

¹ Soos in die kultuur, so in die taal : die ongewone “maak ons seer.” “Es gab eine Zeit, wo die Hessen . . . die Kirche auf dem Christenberg anstauten als etwas im deutschen Landen Unerhörtes.” (Kleinpaul 124.)

of samevattenheid weerspieël (bv. *nice* × *vrygewig*, *vryerig*, *vriendelik*, *ryk*, *teruggetrokke*, *vernaam*, *lewendig*, *grappig*, *mooi*, *sterk*, ens.), of omdat die inheemse die gedagtebeeld nie duidelik, ondubbelsinnig, en skerp genoeg omlynd, weerspieël nie (bv. *Ek laat hom loop* × *Ek maak hom loop*). Wat die aanleiding of motief tot die uitheemsheid is, kom daar minder op aan; alleen as die “onkundige”, “luie”, “slordige”, “haastige”, “pronksugtige” of wat ook al uitheemsheid minder verstaanbaar, noukeurig of keurig as die inheemsheid vir die meerderheid van die taalgebruikers is, is hy skadelik. Om noukeurigheid te bereik, moet die taalgebruiker trouens ook **keurigheid** beoefen: die gevoelswaarde van die eenheid en van die gedagtebeeld moet ooreenstem; vgl. bv. *Hotnot* × *bruinmens* × *kleurling*, *klimmeid* × *servantgirl*, *klong* × *boy*. Omdat die mens nie ’n verstandskepsel is wat onafhanklik alleen staan nie maar ’n gevoelskepsel wat met mede-gevoelskepsels omgang wil hê, is veral in die omgangstaal die gevoelswaarde van taaleenhede belangrik en kom die gebruik van uitheemshede voor wat vir die spreker die geskikste voel:

“Juist omdat zij zo vaak de fijne nuances onzer gedachten uitdrukken, komen de vreemde woorden vooral in de gewone omgangstaal voor, waarin de persoonlikste, innigste gedachten van de mens tot hun recht komen; in de deftiger taal, waarmede men zich tot het publiek richt, zullen die vreemde woorden zeldzamer zijn, daar de gedachtekring dan algemener is.” (de Grave 124.)

Die vrees dat dgl. taalgebruik, deur die eie taaleenhede te verdring, “ons taal allertreurigs sal verarm aan woorde” (L. C. Bruwer in die “Saamwerk” 9.7.30), blyk ongegrond as ons in die oog hou dat enersyds elke bestaande behoefte ’n taalsimbool moet hê, soek en vind, en dat andersyds elke taalsimbool alleen kan ontstaan, bestaan en voortbestaan as hy ’n bestaande behoefte bevredig. Die taal kan dus verarm alleen as die volk se behoeftes verminder, d.w.s. as sy stoffike kultuur agteruitgaan; die “suiwerheid” of “onsuiwerheid” van die taalsimbole wat aangewend word kom daar nie op aan nie, hul doeltreffendheid wel. Kortom: ’n Vreemde (of eie) taaleenheid lewe voort alleen as hy nuttig is (vgl. bv. *nut van yard* × *tree*); en mits die volk kultureel vooruitgaan, kan sy taal nie agteruitgaan nie.

Dikwels skep die ou-gevestigde eie eenheid egter 'n gevoel van intimiteit tussen spreker of skrywer en hoorder of leser, 'n eenvoeling, 'n raakheid en realisme wat by die on-eie eenheid ontbreek; bv. *die sak gee × in die pad steek; in die beste van gesondheid × in blakende gesondheid; op die ongeskikste tye × tydig en ontydig; tot sulke tyd as hy die huus verkoop het × tot tyd en wyl dat . . .; ver te veel × veels te veel; heelhartig × van ganser harte; in die naam van × namens; kop of stert × kruis of munt* (skilderagtige eie); ens.

Vanuit die **fisiiese standpunt** moet die uitspraak of skrywe van die eenheid so min inspanning moontlik verg, en moet die klanke so duidelik moontlik deur die lug trek. Moeilike klanke of lang eenhede (bv. *geroosterde brood × toast*) word nie geredelik deur die spraakmakende gemeente aanvaar nie. Daarenteen is dit sterk te betwyfel of die kortheid van 'n taaleenheid so 'n kragtige faktor is as wat gewoonlik gemeen word. Ons gebruik daaglik honderde woorde meer as wat nodig is, sodat 'n paar lettergrepe meer of minder per sin g'n onderskeid maak nie; bv. *ek het met die ligter na die vyfde verdieping opgegaan* is $\frac{1}{11}$ langer as dieselfde sin met *lift*; so ook *stud × nekknoop, link × mouskakel, nib × penpunt, plug × vonkprop; ek lyk koek × ek hou van koek, ek lyk om dit te doen × ek hou daarvan om dit te doen* (Boshoff 137 sê dat *lyk* "soveel korter as die omslagtige, *ek hou daarvan*" is). 'n Professor hou hom so veel met die skrif besig, dat hy die skrif oorskat; in die skrif, veral openbare kennisgewings, maak een of twee lettergrepe wel 'n verskil. Tog kan ons sê dat bv. *die bus vang* 'n beter kans het as *net betyds vir die bus wees*, omdat dit korter, noukeuriger en keuriger is (lewendige voorstelling).

Samevattend: As 'n vreemde eenheid verstaanbaarder, noukeuriger, keuriger en ekonomieser as die inheemse is, is dit vanuit taalkundige standpunt bo die inheemse te verkies en het dit waarskynlik die beste kans op voortbestaan. As so 'n eenheid vermy word, ontstaan 'n onnatuurlike boektaal—miskien suiwer Diets, maar alte seker nie Afr. nie—wat tengevolge van die kloof tussen hom en die taal van die 99% gewone Afrikaners (kleurlinge inbegrepe) geen invloed op laasgenoemde, die eintlike Afr., kan uitoefen nie:

“’n Taal laat hom in sy ontwikkelingsgang nie in die studeerkamers van taalgeleerdes kontroleer nie.” (Boshoff 143.)

Die beslissing word gevel nie deur groot-base soos Regerings of Akademies of woordeboekmakers nie, ook nie deur kleinbasies soos onderwysers of joernaliste of proefskrywers nie, maar deur die volksmassa self. En die ongeleerdste deel van die Afr.-sprekende gemeenskap—armblanke, kleurlinge, Jode en Koelies—maak 40% van die Afr. spraakmakende gemeente uit.

Die volksmassa praat “soos hy lekker kry”; g’n poging om ’n taal te suiwer het nog ooit geslaag tensy dit ’n gloeiende volksaak was, tensy die taal werklik gans die volk was—en met Afr. is dit vandag nie die geval nie. “Liewer die gebruiklike Eng. as die ongebruiklike Diets”—dit vertolk die standpunt van bv. Langenhoven, allersuiwerste verpersoonliking van die Afr. volksmaak. “Aangesitheid”, verwaandheid, uitheemsheid, of dit nou Eng. of Diets is—niks word meer deur die Afrikaner bespot nie.

“Gemaaktheid en gekunsteldheid en aanstelling neem alle Afr. geur uit ’n geskrif weg al is hy ook origens suiwer van korrupsie en ismes” (C. J. L. in DB 1.9.30); geld dit van die skryftaal, veel meer nog van die spreektaal. Wie van ’n Afr. *mootir*, *tram* (nie *trem* nie), en *teeleefóón* praat is in die gewone man se oë nie alleen ’n onuitstaanbare pedant nie, maar ’n bedrieër.

(b) **Volkswelsyn:** Hoe afkeurens- of aanbevelenswaardig ’n eenheid vanuit taalkundige standpunt ook is, vanuit nasionale oogpunt is hy af te keur as hy die volkswelsyn benadeel. Beskou ons ’n selfbewuste Afrikanerdom as waardevol, moet ons ook die taal as middel ter bereiking van ons ideaal aanwend. Die vreemde invloed kan (i) stoflik en (ii) geestelik nadelig wees.

(i) Die stoflike nadeel is die saak waar dit werklik op aan kom: alleen as die stoflike omstandighede vir ’n volk ongunstig word weens die taal wat hulle praat, word hulle bewus van ’n “onreg” aan hul taal, en kom daar verset. De Vooys het dit heeltemaal mis as hy sê (II 6):

“Zodra het on-eigene het eigene tracht te verdringen, voelen we dat als een aanranding, en ontwaakt een instinktief verzet, dat voor geen verstandelike redenering wijkt.”

Dit kan in baie gevalle van die persoon geld wat om die een of die ander rede hom op die taal toelê, by wie die taal dus 'n saak van persoonlike belang is, maar die gewone man, wat sy aandag nie op die taalmiddele nie maar op die konkrete doel vestig, merk skaars watter taaleenhede hy gebruik— tensy die taalmiddele met besondere voor- of nadeel verbind word (bv. Nedl. in die 17e eeu vyandig teen Frans, in die 19e eeu teen Duits; Duits teen Frans; Eng. teen Amerikaans; Amerikaans en Afr. teen Eng.). Alleen as dit gebeur, word die volk taalbewus en ontstaan puristiese neigings. Van owerheidsweë word die vreemde taal nie meer in S.-Afrika begunstig nie, maar die taalbewustheid wat in die verlede verwek is, lewe nog as 'n reële feit voort; wat begunstiging van die vreemde taal deur private groepe of individue betref, kan die Afr.-sprekendes die toestand verander as hulle die moeite wil doen. Nie die Afr.-sprekende se taal dus nie, maar sy kulturele agterlikheid veroorsaak sy ekonomies ongunstige posisie.

(ii) *Geestelike nadeel*: Omdat sy kulturele agterlikheid egter met sy taal geassosieer word, ly elke bewuste Afr.-sprekende aan 'n taal-minderwaardigheidskompleks, wat hom dwing om sy taal of ten volle te laat eerbiedig of te verberg. In die eerste geval word 'n voortdurende waaksaamheid en aggressiewe bedrywigheid in sekere taal-opsigte vereis wat in groot mate op die individu se psigiese en fisiese energie beslag lê. In die tweede geval word sy besef van eiewaarde aanvanklik benadeel, en dit verhinder gewoonlik die volle ontplooiing van sy persoonlikheid, d.w.s. die doeltreffendste gebruik van sy gawes. Deur die offer wat hy bring word sy kinders en nakomelinge egter gewoonlik virgoed van die nadele enersyds van 'n minderwaardigheidsbesef en andersyds van 'n strydlustige, kragverkwistende nasionalisme gered. Langenhoven se woorde (DB 24.3.30) geld miskien van die eerste geslag, maar nie verder nie:

“Maar nou afgesien van alle eise van nasionale trou, as jy jou aansluit by die ander kudde, mag jy 'n mate van kultuur daar vind om die plek te neem van die kultuur van jou eie wat jy verwerp het. Maar daarmee sal jy nie die hoogste van jouself maak nie; geen ná-aper bereik dit ooit nie.”

Nie in een enkele geval is dit waar dat afstand van die volkstaal *per se* nadelige gevolge gehad het nie: Franse; Skotte; Neërs in die V.S.; verengelste Hollanders in Amerika: Roosevelt, Dewey, Bode, Vanderbilts, Buick; verspaanste Afrikaners in Argentinië; verafrikaanste Franse en Engelse in S.-Afrika (bv. predikante)—hulle en nog baie ander is daar bewys van. Alleen as miskien heeltemal onafhanklike inferioriteit (gewoonlik stoflik) met die taal geassosieer word, ontstaan 'n toestand van sake wat naastenby as: "De taal is gansch het volk," beskou kan word, bv. die *arm* Afr.-sprekendes in Argentinië. Die taalbewustheid wat deur die onreg van die verlede verwek is, die minderwaardigheidskompleks wat hom deur middel van taalverhoging wil vergoed, is aan die verdwyn, aan die een uiteinde by die Afr. volksmassa wat nie meer gebrek ly nie, en aan die ander uiteinde by die Afr. intellektueles (en nie net taalkundiges is intell. nie) wat hulle die meerderes van die Engelse voel. Die deurslag sal egter gegee word deur die feit dat die Afr.-sprekendes nog jarelank in die meerderheid sal bly, miskien altyd, en bowendien lank in betreklike isolement wat volle tweetaligheid en dus geleidelike oorgang tot Eng. onmoontlik maak. Indien verengelsing plaasvind, sal dit stuksgewyse en langsaam gebeur, dus gedurig tussen Engelsman, verengelste en suiwer Afrikaner wrywing veroorsaak, en also die taalbewustheid aan die vlam hou. Hoe dit ook sy, die Afr.-sprekende doen 'n steeds deegliker kennis van Eng. op, en die Eng.-sprekende verkry almeer 'n "working knowledge" van Afr. vol ismes, sodat die optimum-toestande vir die ontstaan en voortbestaan van angl. geskep word. Indien ons besluit om die ismesering teen te gaan, moet elke Afr.-sprekende (a) 'n deskundige kennis van sowel Nedl. as Afr. en Eng. besit, en (b) in 'n uiters gevoelige toestand van gedurige waaksaamheid gehou word. Eerstens is dit onmoontlik, en tweedens is dit ondoeltreffend. Om die doodgewone, onbewuste spreektaal (die enigste taal wat van belang is) te suiwer, moet ons gedurende 'n paar geslagte siel-suiwer Afr. hê, en 'n bruisende volkstrots wat nuwe onsuiverhede sal weer. Die jongmense van die vorige geslag ken g'n suiwer Afr. nie, en voordat hul kinders 'n betreklik suiwer Afr. oppervlakkig op skool

kan aanleer, *praat* die kinders al hul ouers se Afr., plus nuwe ismes. Selde is daar boondien 'n motief tot deskundig-subtile suiwering: selfs onder die klein persentasie opgevoede Afrikaners is die taal selde 'n vurige sielsaak, en daarsonder is die gedurige waaksaamheid onmoontlik. Al was dit moontlik, sou die gedurige intense waaksaamheid wat vereis word, 'n sorgwekkende vertering van die fisiese en psigiese energie van elke vurige Afrikaner veroorsaak. En dit hoewel die taal nie 'n doel nie maar slegs 'n middel in die konkrete wêreld is, 'n wêreld wat veral ons Afrikaners noop om minder te praat en meer uit te rig teneinde en stoffike en kulturele welvaart te geniet.

Onder hierdie voorbehoude, moet ons konstateer dat dit vir die sterkvoelende Afrikaner byna onmoontlik is om tenminste in sy taalgebruik nie verafrikaansend op te tree nie, want in sy orige kultuur is dit vrywel onmoontlik. Veral met die oog op die volkswelsyn maar in minder mate ook met die oog op die taalwelsyn is dgl. purisme aan te beveel. G'n besliste poging is nog ooit aangewend om die Engelshede uit te roei nie; voordat woordeboeke, ens., dus aan hulle gesag verleen deur hulle op te neem, behoort 'n kragtige, georganiseerde stryd teen hulle aangebind te word. Hierby moet ons die verstaanbaarheid, noukeurigheid, keurigheid, en gemak van die Engelshede egter nie uit die oog verloor nie; anders loop ons gevaar dat ons pogings as eksentrieke kragverspilling in die Afr. taalgeskiedenis aangemerkt word. Die Duitser wat *apteker* in *Gesundheitswiederherstellungsmittelmishungsverhältniskundiger*, of Beethoven wat *konser*t in *Tonstreitwerkversammlung* wou verduits, het nederlaag uitgelok. Verafrikaansing kan in baie gevalle slaag, veral by nuwe eenhede; alle tale, maar veral Duits, bied hiervan voorbeelde aan, bv. *train*—*Zug* (*trek*), *aeroplane*—*Flugzeug* (*vliegtuig*), *broad-cast*—*Rundfunk* (*rondvont*); *praepositio*—*voorsetsel*, *data*—*gegewens*, *praedilectio*—*voorkeur*, *influentia*—*invloed*, *praevenio*—*voorkom*. Die Akademie, deur die Afr. Pers en Skool bygestaan, kan om verafrikaansings van bepaalde eenhede vra, moontlik met aanbod van 'n onderskeiding vir die insender van die gekose eenheid (bv. 'n medalje, of 10/-); dgl. e.a. Engelshede kan weekliks volgens

'n vasgestelde plan in 'n bepaalde rubriek van elke Afr. tydskrif deur 'n sentrale taalburo behandel word; taal-speletjies kan ingevoer word om belangstelling in en kennis van die suiwer Afr. eenhede by die gewone man tot stand te bring, soos die volgende: (i) Deelnemers sit of staan in kring; persoon wat aan is, loop rond, staan skielik voor een persoon stil, sê: "*hand*", en tel van een tot tien; voordat hy "*tien*" sê, moet aangewyste persoon 'n suiwer Afr. idioom gee waarin *hand* voorkom (bv. *die hand aan die ploeg slaan*); gee hy niks of 'n angl. (bv. *hy speel in die vyand se hande*), is hy aan. Allerhande variasies is moontlik; bv. die aangewyste persoon moet dadelik opspring en rondom die kring hardloop terwyl die ondervraer hom probeer vang, en die vlugteling probeer om 'n sin of idioom te gee.

(ii) "Word-making and word-taking", met die verskil dat probeer moet word om uit die letters en woorde idiome saam te stel.

(iii) (Veral vir nuwe sake wat op die oomblik van belang is) "Raai, raai: Broer skiet broer; bure hou vergadering om niks te doen nie. Wat is dit?" Antwoord: "Spaanse Burgeroorlog en Onsydigheidskomitee" (i.p.v. *nie-intervensie*). As 'n eenheid hom na 5 of 10 jaar nog handhaaf, moet hy erken word.

Dgl. intensiewe pogings sal die suiwering in seker mate 'n volksaak maak, en ongetwyfeld ons persoonlike en nasionale eiewaardebesef verhoog, ons volkstrots en geesdrif aanwakker en ons tot kragtige kultuurwerk op ander gebiede aanspoor. Die lewenskragtigheid van Afrikaans het totduisver selfs sy kampvegters en taalkundiges se verwagtings oortref en 'n verbasende vooruitgang op elke gebied van die Taalkuns bewerkstellig; maar baie werk wag, geensins 'n negatiewe vernietigingstryd of selfs handhawingstryd nie maar 'n doelbewuste kruistog om geestelike en kulturele selfvertroue en eiewaardebesef op skitterende kultuurdade gegrond. Verafrikaansing is vir die volkswelsyn ook waardevol omdat die Afr. eenheid intiem, eie en selfverklarend is sodat selfs die onopgevoedes dit kan verstaan en dus by die kennis daarin opgesluit kan baat, soos in die geval van mediese terme. Die argument dat die wetenskap kleurlose

woorde nodig het "unhindered by the rich but confusing associations of native etymology" (L. P. Smith: *The Eng. Language*, 1930), geld *miskien* vir die enkele wetenskaplike maar nie vir die volksmassa of die leerder nie.¹ Om Eng. woorde deur Franse te vervang, is nog erger: die volk vind Eng. oneindig verstaanbaarder as Frans.

Sal die verafrikaansing ingang vind, dan moet dit verder **keurig en ekonomies** wees. 'n Verafrikaansing wat by die gevestigde taalgewoontes aansluit voel eie en intiem, al sal dit aan die begin vir die taalkennner 'n sielkundige angl. wees. Hier volg 'n paar voorbeelde: *omloop* × *noodlottige kringloop* (*vicious circle*); *die paal haal* × *die trein haal*; *ryperd* × *rywiël*; *bokwa* × *vragwa* (*truck*), *kookwa* (*tender*), *kragwa* (*motor*), *vuurwa* (*lokomotief*); *vragskip* × *vragtrein*, *vragmotor* (*goederetrein*, *lorry*); *wurwyser* × *mylwyser* (*speedometer*); *dansmusiek* × *malmusiek* (*Jazz*); *groentewinkel* × *alleswinkel* (*departmental store*); *skoolkoster* (*janitor*), *almalkamer* (*commonroom*), *deurwag* (*porter*), *wolkbesem* (*skyscraper*), *warmbad* × *stortbad* × *stortreën*, *sitbank* × *sitbed* (*sofa*), *braaibout* × *braaibrood* (*toast*), *beskuitjie* (*biscuit*). Waar so 'n verafrikaansing ingevoer word, moet die leerders op die gevestigde eenheid gewys word sodat die nuwe eenheid betekenisvoller kan word.

Dikwels sal dit genoeg wees om 'n bestaande woord in sommige verbande 'n nuwe betekenis te gee, wat uit die verbande voldoende sal blyk; bv. *Die nuwe volksraadslid het sy intreepreek (-rede) gelewer, ses potte tennis, die toehoorders roep: "Nog! Nog!", staanplek vir 6 motors, die vloeistof het in die bees se oë gekom, sit my reisgoed in die tweede kamertjie van die eersteklas-wa solank ek die kaartjie koop, my nuwe motor is 'n padloper*². Af en toe is dit moontlik om 'n (klanknabootsende) eenheid te maak; bv. *motorbike* × *pof*, *bicycle* × *fiets*, *snap* × *kiek*. Dit is duidelik dat so 'n

¹ *Stikstof* is korter, verstaanbaarder en interessanter as *nitrogen*, en verwar niemand; vgl. L. P. Smith: *Words and Idioms* (1928), bls. 27. Buitendien bewys die skrywer se proefnemings dat eenhede soos *handskoen*, *witseerkeel*, *maagkoors*, *betekenisleer* gouer geleer en langer onthou word as *glove*, *diphtheria*, *typhoid*, *semantics*.

² Maiden speech, sets, encore, parking, dip, bagasie in die tweede kompartement van die eersteklas carriage, ticket, touring car. Alle tale maak dgl. gebruik van die verband, bv. Eng. *bridge* × *bridge* (*of a carriage*) × (*play*) *bridge* × *bridge* (*of a nose*).

verafrikaansing selfs ekonomieser as die Eng. eenheid kan wees; bv. *Parlement* × *Volksraad*, *ekskursietrein* × *plesier-trein*, *spesiale trein* × *ekstra (-trein)*. Soms is hy ook aantrekliker in klank; bv. *soundfilm* × *praatprent*, *jobs for pals* × *baantjies vir boeties*, *elektrisiteit* × *blitsstof*. Dit is belangrik om te onthou dat net een verafrikaansing aangeneem moet word, anders verswak altwee (bls. 17).

Nog belangriker is die stofflike kultuur waarop die taal berus: Is die bepaalde taaleenheid die uitvloeisel van 'n sterk en algemene behoefte wat deur 'n belangrike en algemene kultuureenheid geskep is, dan bestaan daar onder gewone omstandighede feitlik g'n moontlikheid dat die verafrikaansing sal posvat nie; bv. *blitsstof*, *kragwa*. As mens daarop let dat selfs die Afr. bergtoppe skaars bo die Eng. wolkeseë uitsteek, twyfel mens daaraan of taalkundiges of selfs volksleiers die laagland daarbo kan ophef—m.a.w. of suiwer Afr. nie alleen onmoontlik is nie, maar die poging om die onmoontlike uit te rig die vurige Afrikaner se energie sou uitput en hom onder 'n nog gevaarliker besef van Afrikaans se verpligtings teenoor Engels bring. Veral as 'n Engelsheid nie as sodanig deur die gewone Afrikaner gevoel word nie, en dus nie die gewone Afrikaner se bewussyn benadeel nie, is die verstandigste gedragslyn miskien: *Laissez faire*.

Die taal is trouens nie die doel nie, maar 'n middel—*een* middel uit baie. As ons dit besef, sal ons besef dat, as die Afrikaanse volk hoër styg, sy gedagte-uitdrukking ook hoër moet styg, wat ook al met "Afrikaans" gebeur. 'n Volk se taal is 'n magtige faktor, maar magtiger nog is sy welvaart; sonder ons taal sal ons miskien stom wees, maar sonder ons welvaart sal ons alte seker dood wees.

Die taal is nie die doel nie, maar 'n middel. En die doel is stoffik-kulturele welvaart, wat weer 'n hoër doel beoog: stofflike en geestelike gelykwaardigheidsbesef.